6/12/76

191. T.4.1(2)

# I.S. HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS

Namens die Hendrik Verwoerd Navorsingsbeurs-Trust deel ek mee dat die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs vir 1977 toegeken is aan dr. George Sebastian Gericke van die Fakulteit van Genees=kunde van die Universiteit van Stellenbosch.

Dr. Gericke het gematrikuleer aan die Hoërskool Rustenburg met vier onderskeidings, en hom vervolgens aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf vir 'n studie in die Geneeskunde. Ná ses jaar van toegewyde studie het hy aan die einde van 1972 die grade M.B., Ch.B. verwerf, en in die loop van hierdie tyd ook 'n aktiewe aandeel aan die studente- en koshuislewe geneem. Hy was bv. lid van die Geneeskundige Studenteraad en Onder-Primarius van Huis Francie van Zijl.

Na voltooiing van sy studies het hy diens aanvaar in die Tygerberg-hospitaal en hom spoedig 'n verdienstelike navorser getoon. In die Departemente van Verloskunde en Ginekologie, en van Pediatrie het hy aan verskeie navorsingsprojekte gewerk en ook 'n hele paar wetenskaplike publikasies gelewer. In die loop van vanjaar het hy belangrike werk gedoen in verband met die Kliniek vir Oorerflike Siektes en Kongenitale Afwykings, en ook in noue samewerking opgetree met die Sitogenetika-Afdeling van die Depar=tement Verloskunde en Ginekologie. Die resultate van sy navorsing, waarvan gunstige verwagtings gekoester word, kan vir alle bevol=kingsgroepe van ons land waardevol blyk.

Die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs bedra R1 000 en word vir een jaar toegeken. Dit is bedoel om aan gekwalifiseerde geneeshere ondersteuning vir verdere navorsing te verleen. Wyle dr. Verwoerd het die instelling daarvan moontlik gemaak toe hy die geldelike

deel van die Hendrik Verwoerd-Toekenning, t.w. R10 000, wat in 1966 aan hom aangebied is, nie vir homself wou aanvaar nie maar versoek het dat dit gebruik word om 'n geneeskundige of tandheelkundige navorsingsbeurs in die lewe te roep.

Dit is nou die vyfde keer dat die beurs toegeken word: die vorige toekennings was onderskeidelik aan dr. C.J.C. Nel van Pretoria, dr. J.J. de Wet Lubbe van Stellenbosch, dr. P.N. Baden=horst van Bloemfontein en dr. F. Scheepers van Pretoria.

H.B. THOM

VOORSITTER: HENDRIK VERWOERD NAVORSINGSBEURS-TRUST

STELLENBOSCH

6 Desember 1976